Cape Breeders Club groom training certificate handover

Speech delivered by Minister van Rensburg

Date: 04 August 2009

Liesl King, Voorsitter van die Cape Breeders Club

Adrian Todd, World Wide Agri Exchange, Training Coordinator

Peter Gibson, CEO, Racing SA

Donald Mabusela, DTI.

Dames en here, dit is `n voorreg om vannaand hier by u te kan wees. Dit is lekker om betrokke te kan wees by `n projek wat suksesverhale oplewer. Ek verneem dat U die Level 1 Groom's Course Certificate/ Vlak 1Staljongen Sertifikaat suksesvol voltooi het en dat dit deur `n eksterne eksaminator uit Kentucky VSA bekragtig is. Veels geluk.

Elkeen van u wat vannaand `n sertifikaat ontvang kan opreg trots wees, en weet verseker dat dit `n tree in die regte rigting is wat u loopbane in landbou aan betref. U is nou deel van `n internasionale netwerk, en die vaardighede wat u bemeester het kan nou ook oorsee vir u deure oopmaak.

Ek kan nie anders as om te dink aan die gesegte: "`n Mens kan `n perd tot by die water bring, maar jy kan hom nie maak drink nie". Vannaand is u die perde, en hierdie setifikaat is die water. U moet nou self besluit om te drink.

Daar is nou nog vlakke 2, 3 en 4 wat voorlê, en ek wil u aanmoedig om nie nou op te hou om te leer oor die besonderse been van die landbou waarin u werksaam is nie.

Ek het met my Departement gepraat oor ons jaarlkse Plaaswerker kompetisie, en hulle het my meegedeel dat daar `n kategorie vir spesialis werkers is. U val in daardie kategorie en ek nooi u uit om asseblief in die toekoms betrokke te raak by hierdie inisiatief.